



Rustenburg Plaasaanval

Oorskot van diere begrawe

Rustenburg – 'n Onbekende hoeveelheid mans het Woensdag laatmiddag omstreeks 16h30, 8 Februarie 2017, toegeslaan op 'n kleinhoewe op die R24 of die 'Ou Johannesburg-pad' by een van die grondpaadjies agter die Kasteel. 'n Bejaarde boer, Mnr. Neil Erickson (65), is oorrompel en twee keer in die maag geskiet toe hy besig was om sy hek te sluit. Erickson en sy vrou Leatitia Erichsen (66) was oppad huis toe na 'n uitstappie in die dorp. Hulle is aangehou met 'n vuurwapen by die eerste hek op die grondpad wat lei na hul kleinhoewe, volgens Kaptein El-sabé Augoustides, polisiewoordvoerder. Die bejaarde paartjie is gedwing na hul tuiste toe waar die huis geplunder is deur die aanvallers. Die mans het kontant geëis en het hulself ewe met drink- en eetgoed traktee. Bankkaarte, selfone en Erickson se enkelkajuit silwer Nissan Navara is gebuit, maar die bakkie is later die aand opgespoor in Hekpoort. 'n Saak van poging tot moord word ondersoek. Erickson is gehaas deur Trauma Rescue na die naaste hospitaal en is opgeneem in teater. Hy is tans in die hoërsorgeenheid (ICU) maar stabiel. Die gemeenskap, in besonder die GPF (Gemeenskapspolisiëring Forum) sektor 5 asook StaanSaam Rustenburg, het Erickson te hulp gesnel. Verskeie addisionele veiligheidsmaat-

reëls en patrollies is van stapel gestuur. Indien u deel wil word van GPF Sektor 5, kontak 082-573 3712. **Die grens van Sektor 5 is as volg:** Waterglen, Waterkloof, Kroondal, Anrodistad, Matabeleng, Modderfontein, Kromrivier, Rhenosterfontein, Waagfontein, Rietfontein, Zuurplaat, Waterval Village (RPM), Boschfontein, Olifantsnek, Oorsaak, Waterkloof Area, Waterfall East Ext 1 tot 25, Moorishidol, Potato Bass, Shark Whale, Kroondal tot by Olifantsnek. Die JHB Road (R24) tot die Rudan Garage en Protea Hotel, die ou Pretoria pad, tot by Rietfontein. **Hier is ook addisionele kontak nommers vir CPF Sektor 5:**

- Polisie Sektor Bevelvoerder: Kaptein Margaret Petlele: 060-987 5489
- Carlo Pasino, voorsitter, 082-573 3712
- Reinette Ronnebeck, ondervoorsitter, 082-336 0783
- Yolandi Otto, sekretaresse, 078-209 5150
- Cari Pasino, onder-sekretaresse, 082-311 3067
- Theo Hajialexandrou, tesourier, 082-955 3383
- Geoffrey Segami, addisionele lid, 078-209 5150

Rustenburg – Op sosiale media vandeeweek, het gesprekke vuur en vlam gevat, nadat die Rustenburgse SPCA/ DBV die oorskot van diertjies begrawe het by die nuwe stortingsterrein net buite Rustenburg in Boshok. 'n Lid van die gemeenskap het foto's op Facebook gelaai om sy kommer uit te spreek. Die *Platinum Weekly* koerant het ondersoek ingestel en die volgende vasgestel in 'n onderhoud met die bestuurder van die Rustenburgse DBV, Louise du Piesanie op Woensdag, 9 Februarie 2017. "Ons het al donkiejare 'n reëling met die plaaslike Rustenburg Munisipaliteit om die diertjies se karkasse te begrawe in 'n stortingsterrein. Ons volg die voorafbepaalde proses deeglik, sodat wanneer ons bel en die munisipale werkers in kennis stel dat ons oppad is, hulle dan 'n graf voor vir ons voorberei," aldus Louise du Piesanie. Volgens die statutêre handleiding wat die DBV volg, moet hulle, sodra daar bevestig is dat die dier inderdaad dood is, in ooreenstemming met die plaaslike en/of nasionale regulasies handel, wat voorgeskryf word deur die plaaslike

munisipaliteit. "Ons volg die reëls 100 persent en doen dit ook so sensitief as moontlik. Die grafte word ook baie diep begrawe, geen dier sal kan grou om by die karkasse uit te kom nie. Die stad se rommel word dan bo-oor de grafte gestort." Die DBV beskik nie oor die finansies om elke diertjie te veras nie, en kan dit slegs doen vir diene wat dit in besonder versoek en self die onkoste dra. "Ons is gereeld betrokke by verskeie aktiwiteite om meer finansiële steun te kry, en ook in besonder kos vir die diere," sê Du Piesanie. "Ons is baie geseën met die ondersteuning van die gemeenskap, en nooi almal verder uit om ook 'n verskil te kom maak vir ons 4-potige vriende."



'n Lid van die gemeenskap het foto's op Facebook gelaai om sy kommer uit te spreek.





RUSTENBURG



AS SEEN ON TV



BIG DEAL
★ AS SEEN ON TV ★
R79
ONE Potato Pocket 7 kg,
ONE Onion Pocket 7 kg &
ONE Butternut Pocket

BUTCHERY NOT AVAILABLE AT F&V CITY, 185 BEYERS NAUDE STREET



BIG DEAL
★ AS SEEN ON TV ★
29.99 per 500 g
Lean Beef Mince

BIG DEAL FRUIT COMBO Any 3 for R50
White, Red or Black Grape, Yellow Cling Peach, Dessert Peach, Yellow Plum and Red Plum Tubs



English Cucumbers 3 for R25



Watermelon Quarter R12.99 each



Golden Delicious Apples, Royal Gala Apples or Summer Pears 1.5 kg Econopacks R19.99 each



Green Pepper & Carrot Thriftpacks 2 for R25



Robot Pepper Prepacks 19.99 each



Assorted Cold Meats 500 g 22.99 per pack



Chicken Braai Packs 39.99 per kg



Crumbed Chicken Burgers 4 Pack 19.99 per pack



BIG DEAL 2 for R25
Ouma Bread



Freshly Baked Hamburger or Hotdog Rolls 6 for R8



Large Eggs 48's 59.99 each



La Belinda Chopped or Whole Peeled Tomatoes 400 g 3 for R25



BIG DEAL 3 for R120
Food Lover's Blended Seed & Extra Virgin Olive Oil 1 L



Malelane Tropical Concentrate 5 L R110 each

